Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JULIE 2016

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

2016/17-BEGROTING IN 'n NEUTEDOP

Totale Inkomste

R993 miljoen Styg met 10,9%. Hierdie toename is te danke aan verhoogde toekenningsbefondsing, waarby 'n verdere R8,3 miljoen in billike deel en befondsing vir behuisingstrukture ter waarde van R43,7 miljoen ingesluit is.

Totale Besteding

R1,073 miljard Styg met 8,4%.
Die negatiewe verskil van R79,8 miljoen tussen inkomste en uitgawes word opgemaak uit items anders as kontant, waarvan waardevermindering een van die grootstes is. Sodra ander kontantvloei gerealiseer word, soos om eksterne lenings af te los, sal Overstrand egter 'n kontantoorskot oplewer.

TARIEWE

Eiendomsbelasting

Verhoog met 7,2% op residensiële en kommersiële eiendom sowel as op onontwikkelde erwe.

Elektrisiteit

Basiese elektrisiteitsheffing verhoog met 17,5%. Verbruikskoste sal deur die bank vir alle stygende blokke gemiddeld met tussen 1 en 7,64% toeneem.

Water

Slegs deernishuishoudings sal die eerste 6 kℓ gratis ontvang. 11,5% styging van toepassing op waterverbruik tussen 0 tot 6 kℓ per maand.

Riool

Styg met 6%.

Vullisverwydering

Styg met 6%.

Kapitaalbegroting. *R88,4 miljoen Daal met 14,5%. Hierdie afname is toe te skryf aan die beskikbaarheid van bronne om die kapitaalbegroting te befonds en Overstrand se eie kostebesparingsmaatreëls. Na raming word sowat R100 m jaarliks benodig om kapitale infrastruktuur in stand te hou.*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL 2016/17

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL 2016/17

Hoë verbruik met voorafbetaalde elektrisiteitsmeter Waardasie: R3 500 000	Jaar 2015/16	Jaar 2016/17	Bedrag	% Verhoog
Eiendomsbelasting	1016,6	1089,80	73,20	7,20
Riool* Tarief Kode: **SE7A1+SE8A**	477,41	505,95	28,54	5,98
Infrastruktuur basiese heffing water, elektrisiteit en riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week**	137,99	146,99	8,27	6,00
Water 50 kℓ	906,19	961,68	55,48	6,12
BTW	218,86	231,78	12,92	5,90
SUBTOTAAL	**2 798,74**	**2 977,16**	**178,42**	**6,38**
Elektrisiteit vooraf-betaalde meter 1500kWh	2 429,52	2 613,41	183,89	7,57
BTW	304,13	365,41	25,74	7,57
TOTAAL	**5 568,39**	**5 956,45**	**388,05**	**6,97**
HPB indien van toepassing	*101,66*	*108,97952*	*7,31952*	*7,2*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL 2016/17

Subekonomiese verbruik (Deernis) Waardasie: R100 000	Jaar 2015/16	Jaar 2016/17	Bedrag	% Verhoog
Eiendomsbelasting	14,73	15,79	1,06	7,20
Riool* Tarief Kode: **SE7A1**	0,00	0,00	0,00	0,00
Infrastruktuur basiese heffing water, elektrisiteit en riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week**	0,00	0,00	0,00	0,00
Water 10 kℓ	36,48	38,64	2,16	5,92
VAT	5,84	5,84	0,00	0,00
SUBTOTAAL	**98,75**	**101,97**	**3,22**	**3,26**
Elektrisiteit vooraf-betaalde meter 350kWh	149,18	150,67	1,49	1,00
BTW	20,89	21,09	0,21	1,00
TOTAAL	**268,82**	**273,74**	**4,92**	**1,83**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL 2016/17

Medium verbruik met voorafbetaalde elektrisiteitsmeter Waardasie: R25 000 00	Jaar 2015/16	Jaar 2016/17	Bedrag	% Verhoog
Eiendomsbelasting	721,93	773,91	51,98	7,20
Riool* Tarief Kode: **SE7A1+SE8A**	287,01	304,18	17,17	5,98
Infrastruktuur basiese heffing water, elektrisiteit en riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week**	137,99	146,26	8,27	6,00
Water 25 kℓ	343,02	364,75	21,74	6,34
BTW	113,36	119,96	6,61	5,83
SUBTOTAAL	**1 645,00**	**1 750,76**	**105,76**	**6,43**
Elektrisiteit vooraf-betaalde meter 800kWh	1 246,55	1 340,06	93,51	7,50
BTW	174,52	187,61	13,09	7,50
TOTAAL	**3 066,07**	**3 278,43**	**212,36**	**6,93**
HPB indien van toepassing	*72,19*	*77,39*	*5,20*	*7,20*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - SAKE-ONDERNEMINGS 2016/2017

Onderneming - Medium (Drie fase) Waardasie: R3 200 000	Jaar 2015/16	Jaar 2016/17	Bedrag	% Verhoog
Eiendomsbelasting	1 786,67	1 915,31	128,64	7,20
Riool* Tarief Kode: **SE7D1+SE8A 1**	488,29	517,48	29,20	5,98
Infrastruktuur basiese heffing water, elektrisiteit en riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week 3**	413,96	438,78	24,82	6,00
Water 40 kℓ	686,06	736,64	50,58	7,37
BTW	228,20	242,84	14,64	6,42
SUBTOTAAL	**3 644,87**	**3 892,75**	**247,88**	**6,80**
Elektrisiteit kredietmeter 7000kWh	10 344,97	11 015,54	670,57	6,48
BTW	1 448,30	1 542,18	93,88	6,48
TOTAAL	**15 438,13**	**16 450,47**	**1 012,33**	**6,56**
HPB indien van toepassing	*178,67*	*191,53*	*12,86*	*7,20*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL 2016/17

Lae verbruik met voorafbetaalde elektrisiteitsmeter Waardasie: R1 000 000	Jaar 2015/16	Jaar 2016/17	Bedrag	% Verhoog
Eiendomsbelasting	279,93	300,09	20,16	7,20
Riool* Tarief Kode: **SE7A1+SE8A**	210,85	223,47	12,62	5,99
Infrastruktuur basiese heffing water, elektrisiteit en riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week**	137,99	146,26	8,27	6,00
Water 15 kℓ	212,18	226,08	13,91	6,55
BTW	84,38	89,25	4,87	5,77
TOTAAL	**967,02**	**1 026,84**	**59,83**	**6,19**
Elektrisiteit vooraf-betaalde meter 600kWh	908,56	976,24	67,69	7,45
BTW	127,20	136,67	9,48	7,45
TOTAAL	**2 002,78**	**2 139,76**	**136,99**	**6,84**
HPB indien van toepassing	*27,99*	*30,01*	*2,02*	*7,20*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ONBEBOUDE ERWE 2016/2017

Waardasiegemiddeld	Jaar 2015/16	Jaar 2016/17	Bedrag	% Verhoog
Waardasie: R250,000				
Eiendomsbelasting	126,04	135,12	9,08	7.20
Riool kan aansluit Beskikbaarheid	116,23	123,20	6,97	6,00
Afval Beskikbaarheid	68,98	73,12	4,14	6,00
Elektrisiteit Beskikbaarheid	216,83	254,78	37,95	17,50
Water Beskikbaarheid	108,42	114,93	6,51	6,00
Infrastruktuur basiese heffing water, elektrisiteit en riool	41,70	41,70	0,00	0,00
BTW	77,30	85,08	7,78	10,06
TOTAAL	**755,50**	**827,93**	**72,42**	**9,59**
HPB indien van toepassing	*12,60*	*13,51*	*0,91*	*7,20*

HPB - Hermanus Publieke Beskerming

FINANSIËLE LEWENSKRAGTIGHEID VERSEKER

- ekonomiese afswaai en styging in vraag ten spyt

TEN TYE VAN DIE VOORLEGGING VAN 2016/17 SE BEGROTING VIR RAADSGOEDKEURING OP 25 MEI 2016 het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie weer eens bewys gelewer dat Overstrand die kuns van deelnemende plaaslike regering bemeester het deur met 'n begroting en 'n hersiene GOP vorendag te kom wat nie net die munisipaliteit se lewenskragtigheid oor die lang termyn sal verseker nie maar wat ook die belange van sy burgers voorop stel. Hierdie siening is vroeër gedurende dieselfde maand deur die minister van samewerkende regering en tradisionele sake onderskraag toe hy Overstrand geloof het vir die wyse waarop dié munisipaliteit die model vir wyksdeelname met sukses inspan om gemeenskapsdeelname te bevorder.

Gestruktureerde gemeenskapsdeelname aan daardie aangeleenthede wat die vierde en finale hersiening van Overstrand se vyfjaar- Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) ten grondslag lê en wat derhalwe 'n direkte impak op die 2016/17-begroting sou hê, het in Februarie vanjaar 'n aanvang geneem toe die Raad met OMAF (Overstrand se munisipale adviesforum) vergader het. Teen die einde van laasjaar het die munisipaliteit reeds alle wyke besoek met die oog daarop om te bepaal watter sukses tot dusver met die uitvoering van die 2012/17-GOP behaal is. Hierdie besoeke is in die loop van April vanjaar opgevolg met georganiseerde toere om die voorgenome wysigings aan die GOP en die gelyklopende 2016/17-begroting met inwoners uit te klaar.

Die resultaat van hierdie proses bewys onomwonde dat die Raad onwrikbaar en progressief daarvan werk gemaak het **om sy visie tot uitvoer te bring, naamlik om 'n sentrum van uitnemendheid te wees vir almal in wie se diens hy staan**. Die slotsom is dat alle partye daartoe ingestem het om hierdie visie en die munisipaliteit se vyf strategiese doelwitte onveranderd te laat en om die begroting toe te wys na gelang van daardie doelwitte wat in die vierde en finale hersiening van die GOP geprioritiseer is. [Sien 'Begroting en GOP gaan hand' aan hand elders in hierdie uitgawe.]

Ten opsigte van die **breër ekonomiese faktore** waarop die 2016/17-begroting geskoei is, het Botha-Guthrie die voorbehoude wat vroeër in die loop van Mei deur die president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank in 'n persverklaring geopper is, voorgehou. Hy het opgemerk dat alhoewel inflasie sover lewenskoste aanbetref sedert Februarie effe afgeneem het, hierdie verligting na alle verwagtinge van korte duur sal wees. "Gemeet teen die verbruikersprysindeks (VPI) het die jaar-op-jaar-inflasiekoers vir alle stedelike gebiede afgeplat nadat dit onlangs in Februarie 'n hoogtepunt van 7,0% bereik het. In Maart en April het VPI-inflasie op 6,3% en 6,2% gestaan." Voorts voldoen binnelandse ekonomiese groei steeds nie aan verwagtinge nie en dui alles, volgens die Reserwebank se president, daarop dat herstel vanaf hierdie ongekende ekonomiese laagtepunt 'n langsame proses gaan wees.

Die Burgemeester het die droewe prentjie wat deur die president van die Reserwebank in die vooruitsig gestel word, verder ingekleur deur daarop te wys dat Overstrand as die **snelgroeiendste munisipaliteit in die Overbergdistrik** gekonfronteer word met dié dilemma dat dit toenemend in 'n vraag na dienste moet voorsien. Maar omdat die ekonomie so stadig groei, neem inkomste af - veral in die vorm van toekennings - en kan daar boonop nie verwag word dat 'n oorbelaste bevolking, wat reeds met stygende brandstof- en kospryse te kampe het, ook skerp stygings in eiendomsbelasting en munisipale tariewe moet absorbeer nie.

"In die finalisering van ons tariewe vir noodsaaklike munisipale dienste sowel as diverse tariewe is daar **intens gefokus op finansiële lewensvatbaarheid**," het sy gesê. "Ons het seker gemaak dat die munisipaliteit in 'n posisie sal wees om sy aansienlike belegging in infrastruktuur te handhaaf en om dienste aan sy snelgroeiende gemeenskap te lewer. Ons moes egter 'n balans vind tussen die finansiële realiteite van ons inwoners, inaggenome die groot komponent pensioenarisse en mense wie se enigste bron van inkomste die rente is wat hulle op hul spaargeld verdien."

Kortom, met die uitsondering van eiendomsbelasting en elektrisiteitsheffings, is die styging in verbruikersdienste tot 6% beperk, wat laer is as die heersende inflasiekoers. Eiendomsbelasting styg met 7,2%. [Sien Begroting in 'n neutedop elders {teenoorstaande bladsy} in hierdie uitgawe.]

"Ongelukkig," het die Burgemeester bygevoeg, "het NERSA die reg aan Eskom verleen om sy tariewe bó inflasie te verhoog wat weer eens 'n negatiewe impak op ons verbruikers gaan hê." Die basiese heffing vir elektrisiteit verhoog met 17,5%. Maar as 'n teenvoeter hiervoor gaan die tarief vir die eerste 350 kWh wat per maand verbruik word, met 'n skamele 1% verhoog. Wanneer die styging in die basiese heffing en die koste van die eerste 350 kWh dus in berekening gebring word, word die styging in elektrisiteitskoste tot 7,34% beperk, wat effens laer is as die toegelate 7,64%. [Sien Hoe die 2016/17-tariewe jou sak gaan raak elders in hierdie uitgawe.]

Ter samevatting van die algehele impak van die 2016/17-begroting het die Burgemeester verklaar dat "met inflasie wat na verwagting gemiddeld 6,7% in 2016 gaan beloop, het Overstrand daarin geslaag om die oorhoofse impak wat sy tariefverhogings, met die uitsondering van elektrisiteit, op huishoudelike rekeninge gaan hê tot 6,43% (2,66% vir hulpbehoewende huishoudings) te beperk, wat laer is as die voorspelde inflasiekoers". Sy het hierop uitgebrei deur te verklaar dat die 2016/17-begroting voorsiening maak vir die toevoeging van 'n geraamde 7 100 huishoudings wat vir deernishulp kan registreer, welke huishoudings dus op gratis basiese dienste geregtig sal wees.

Steeds in 'n positiewe trant het sy bygevoeg dat die Wes-Kaapse Regering se ontleding van die munisipaliteit se bedryf- en kapitaalbegroting bevind het dat die **begroting** vir water, elektrisiteit, afvalwater en afvalbestuur **sensitief is vir beide huidige en toekomstige behoeftes aan basiese dienste**. Dieselfde verslag het bevestig dat die munisipaliteit daartoe in staat sal wees om sy verpligtinge oor die kort termyn na te kom en dat sy **lewensvatbaarheidsverhouding die Nasionale Tesourie se norm van 100% oorskry**, 'n bevinding wat onderskraag word deur 'n onlangs bygewerkte finansiële assessering waarin tot die gevolgtrekking gekom is dat Overstrand 'n bewese vermoë het om inkomste te genereer ten spyte van die beperkinge wat deur 'n afplatting in ekonomiese groei en 'n styging in werkloosheid in die area opgelê word.

Ter wille van omsigtigheid het sy egter gewaarsku dat dieselfde onafhanklike assessering daarop dui dat **Overstrand sy kapitale besteding in die afsienbare toekoms sal moet verhoog** indien dit 'n verswakking in sy infrastruktuurbates wil vermy. Voorts, aangesien die munisipaliteit proporsioneel meer van inkomste uit die verkoop van dienste as uit inkomste vanuit eiendomsbelasting afhanklik is en gegewe dat plaaslike regerings geen beheer oor elektrisiteitspryse het nie, sal dit in Overstrand se belang wees om hierdie verhouding mettertyd reg te stel ten einde sy inkomste te beveilig.

Ter afsluiting het die Burgemeester gesê dat Overstrand trots is op sy **skoonouditstatus oor drie opeenvolgende jare** en om as een van die mees produktiewe plaaslike regerings in Suid-Afrika geag te word, sowel as die **sewende plek wat hy onder Suid-Afrika se top-tien-munisipaliteite behaal het**. "Hierdie prestasies dui onomwonde op ons werknemers en bestuur se verbintenis tot optimale dienslewering en hul voorneme om munisipale dienste en programme van die hoogste standaard te handhaaf," het sy gesê.

Sy het haar dank betuig teenoor die gemeenskap van Overstrand en alle rolspelers vir hul ondersteuning van en deelname aan die GOP-hersiening- en begrotingsproses sowel as teenoor die voorsitter van die finansiële komitee, rdl Dudley Coetzee, die munisipale bestuurder en alle direkteure vir die toewyding en ondersteuning wat hulle ten tye van die begrotingsproses aan die dag gelê het.

Munisipaliteit Overstrand se 2016/17-begroting en hersiene GOP is eenparig aanvaar.

VERNAAMSTE 2016/17-KAPITAALPROJEKTE

- infrastruktuur bo-aan die lys, maar 'n paar vername opgraderings ook in die vooruitsig

In sy 2016/17-begroting het Overstrand 'n bedrag van R88,4 miljoen aan óf die ontwikkeling óf opgradering van vername infrastruktuurfasiliteite toegewys. In die algemene omgang staan sulke projekte as vername kapitaalprojekte bekend. Die top-tien-projekte wat in hierdie boekjaar onderneem gaan word, tesame met elk se bron van befondsing, kan as volg saamgevat word:

Beskrywing van projek		Bron van befondsing	2016/17-begroting		
	Wyk		Deur Raad gefinansier	Deur eksterne bronne befonds	TOTAAL
Opgradering van Franskraal-Kleinbaai -Gansbaai se pyplyne	01	EL7	8,400 000		8,400 000
Rehabilitasie van bestaande geteerde pad (PVH) fase	05	MIG		7,000 000	7,000 000
Opgradering van pompstasies	Over-strand	EL7	5,588,072		5,588,072
Elektrifisering van laekostebe-huisingsgebiede	04,05,06	INEP		5,000,000	5,000,000
Uitbreiding van Stanford se rioolnetwerk	11	EL7	4,411 928		4,411,928
Mandelaplein/ Garden Site	06	PROV-H		4,308,419	4,308,419
Opgradering/ vervanging van Hermanus se MV/LV-netwerk	03	EL7	4,000,000		4,000,000
Nuwe 1 mℓ/s-reservoir OHW. B31	04	EL7/MIG	500,000	3,110,000	3,610,000
Opgradering van Stanford se afvalwater-behandelings-aanleg	11	ACIP		3,500,000	3,500,000
CCTV, SCADA, minisubstasie en opgradering van Gansbaai se MV/LV-netwerk	02	EL7	3,000,000		3,000,000

Die bedrag wat in 2016/17 aan die kapitaalbegroting toegewys is, is 14,5% minder vergeleke met die 2015/2016-aansuiweringsbegroting. Voorts, desnieteenstaande dat 'n beraamde R100 m jaarliks benodig word om te sorg dat kapitale infrastruktuur lewensvatbaar bly, gaan die kapitaalprogram met slegs R94,2 m en R107,3 m onderskeidelik in die buite jare verhoog word. Hierdie afname kan toegeskryf word aan 'n afname in die aantal bronne wat beskikbaar is om kapitaalprojekte te befonds sowel as 'n afname in eie fondse (lenings) aan die kant van Overstrand as 'n kostebesparingsmaatreël. Derhalwe sal slegs 36% van die kapitaalbegroting in die loop van die MTUR via lenings befonds word, onderwyl fondse wat intern gegeneer word (3%) en kapitaaltoekennings (61%) gebruik sal word om die restant te befonds.

DATUMS VAN RAADSRESES BEPAAL

Die munisipale verkiesing vind vanjaar op 3 Augustus plaas. Die Munisipale Raad sal in reses wees tot en met die proklamering van die uitslag van die verkiesing deur die Verkiesingskommissie - buiten vir 'n spesiale Raadsvergadering wat op Woensdag 27 Julie 2016 gehou sal word.

As alles volgens plan verloop, behoort die nuutverkose Raad op 12 Augustus 2016 tydens 'n spesiale Raadsvergadering gekonstitueer te word.

Die eerste gewone Raadsvergadering van die nuutverkose Raad sal op Woensdag 31 Augustus 2016 plaasvind.

Dié reses sal geen impak hê op wetlike verpligting ten opsigte van Raadsvergaderings nie. Gedurende die reses sal dringende sake deur die Uitvoerende Burgemeester in oorleg met die Munisipale Bestuurder hanteer word, met die uitsondering van sake wat deur wetgewing vir besluit deur die volle Raad voorbehou word.

• *Die volgende generasie Wykskomitees sal tussen 15 en 18 Augustus 2016 verkies word.*

BEGROTING EN GOP GAAN HAND AAN HAND

Die begroting is die munisipaliteit se finansiële plan en toon aan hoeveel geld bestee gaan word aan die implementering van die strategiese doelwitte wat in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) gestel is. Die GOP is die Raad se vyf-jaar-ontwikkelingsplan en word jaarliks hersien. Die hersiene GOP vir 2016/17 is op 25 Mei 2016 deur die Raad aanvaar en verteenwoordig die vierde en finale hersiening van hierdie vyf-jaar-plan.

Kortom gestel, verleen die GOP rigting aan die begroting, en die twee grafieke hieronder illustreer hoe die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2016/17 bestee gaan word om die vyf strategiese doelwitte wat in die hersiene 2016/17-GOP gestel is, tot uitvoer te bring.



Die 2016/17-kapitaalbegroting gaan meerendeels (62,3%) aan GOP-doelwit 2 bestee word: die voorsiening en instandhouding van munisipale dienste. Die tweede grootste toewysing uit die kapitaalbegroting is aan doelwit 5 - die bevordering van toerisme, ekonomiese ontwikkeling en maatskaplike ontwikkeling - en verteenwoordig 31,9% van die totale kapitaalbegroting.



WIL HERWIN MAAR WEET NIE WAT OF HOE NIE?

-hier's 'n paar antwoorde op jou vrae

Na aanleiding van 'n artikel wat in die Mei-uitgawe van Bulletin verskyn het, het ons heelwat navrae ontvang van inwoners wat graag ook hul huishoudelike afval sou wou herwin, maar nie weet watter artikels toelaatbaar is of hoe om te werk te gaan nie.

Die hóé behoort nie 'n probleem te wees nie: Overstrand verskaf deurskynende plastieksakke waarin herwinbare items geplaas kan word. Al wat jy moet doen, is om daardie deurskynende sak op dieselfde dag uit te plaas as waarop die munisipaliteit normaalweg jou vullis sou verwyder.

Die wat is ook heel eenvoudiger as wat mens sou dink: Herwinbare huishoudelike afval kan breedweg in een van vier kategorieë geklassifiseer word: papier/karton, glas, plastiek of blikkies van staal/aluminium.

Hier volg 'n tabelletjie van sommige van daardie alledaagse items wat onder een van hierdie kategorieë hoort en wat jy met 'n geruste hart in die deurskynende sak kan plaas sodat ons dit namens jou kan herwin:

Papier/karton	Glas	Plastiek	Blikkies
Koerante, tydskrifte, kantoorpapier en karton; kleiner artikels wat van karton gemaak word soos die boksies waarin jou tandepasta, ontbytgraan of pille verpak word of waarin eiers verkoop word	Bottels, houers of flesse wat van glas gemaak is. Let daarop dat groot stukke gebreekte glas (windskerms, vensterruite) by bourommelterreine gestort moet word.	Koeldrank-, water- en melkbottels; bottels wat items soos kookolie en huishoudelike skoonmaakmiddels bevat; inkopie- en vullissakke; joghurt- en roomyshouers; kleefplastiek	Koeldrank- en kosblikkies; deodorant- en haarsproeiblikkies; blikkies wat huishoudelike skoonmaakmiddels bevat. Let daarop dat blikke wat goed soos vernis, verf of verdunners bevat, by bourommelterreine gestort moet word.

*LW: Ongelukkig kan polistireen nog nie kostedoeltreffend herwin word nie.

Baie dankie vir jou bereidwilligheid om 'n skoner, gesonder omgewing te bewerkstellig!

Bejaardes en diegene met 'n behoefte aan spesiale sorg die eerstes om te baat by oorhandiging van nuutvoltooide huise in Hermanus

'n Begunstigde met spesiale behoeftes, Clara Mouries (67), ontvang die sleutels vir haar nuwe huis van die Wes-Kaapse minister vir menslike nedersettings, Bonginkosi Madikizela (regs), en Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie (links) ten aanskoue van Overstrand se onderburgemeester, Rudolf Smith (tweede van links) en die voorsitter van die Wes-Kaapse Parlement se staande komitee oor omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning, Rodney Lentit.

Almal wat 'n aandeel daarin gehad het om te sorg dat die Mount Pleasant- en Swartdamweg Site A-behuisingsprojek betyds en binne begroting afgehandel is, kan met reg daarop trots wees dat hulle hul goed van hul taak gekwyt het.

En dan soveel te meer wanneer iemand soos die 67-jarige Clara Mouries by ontvangs van die sleutels na haar huis in trane verklaar: "My gebede is verhoor!" Clara, 'n begunstigde met spesiale behoeftes, het 'n beroerte gehad en benewens die feit dat sy nou 'n huis het wat net aan haar behoort, kan sy voortaan uitsien na die gerief wat 'n spesiaalaangepaste badkamer aan haar gaan verleen.

Net soos sy kon die bejaarde egpaar - die 68-jarige Jim Robertson en sy 73-jarige eggenote Sebina - ook nie glo dat hulle uiteindelik "'n ordentlike dak" oor hul koppe gaan hê nie, nog minder 'n huis wat waarlik aan hulle behoort.

Vir sommiges was die gewag 'n lang en uitmergelende proses: Maria en Daniel Alexander is al reeds vir twee dekades op die waglys vir behuising. Maar, aldus dié egpaar, het hulle nou met reg rede om hulle "koppe hoog te hou" en kan hulle hul kinders "'n baie beter en beveiligde toekoms bied".

Ten tye van die oorhandiging van die sleutels aan 'n groep trotse nuwe huiseienaars op 24 Mei 2016, het Bonginkosi Madikizela - minister van menslike nedersettings in die Wes-Kaap - daarop gewys dat staatsgesubsidieerde huise bedoel is vir die verdienstelikste kandidate. "Daardie mense wat reeds vir baie jare op die behuisingswaglys is, die bejaardes en diegene met spesiale behoeftes - daardie is die mense waarop ons moet konsentreer," het hy gesê.

In haar toespraak het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie die gemeenskap, raadslede, wykskomitees en sosiale kontrakkomitees bedank vir hul geduld, ondersteuning en vertroue: "Sonder julle sou ons nie hierdie projek binne die voorgeskrewe begroting van R37,5 miljoen teen die voltooiingsdatum, naamlik 31 Maart 2016, kon lewer nie. Saam getuig hierdie toewyding van die opbouende werksverhoudinge wat tussen alle belanghebbers in Overstrand bestaan," was haar slotsom.

MOENIE DAT JOU STOMPIE DIE OMGEWING BEDREIG NIE

'n Jong seemeeu sien 'n sigaretstompie vir kos aan

Slegs 10% van rokers wêreldwyd raak op 'n omgewingsvriendelike wyse van hul sigaretstompies ontslae. Selfs al is hulle relatief klein van grootte, kan sigaretstompies waarmee goedsmoeds weggedoen word, 'n reuse-impak hê aangesien tot soveel as 4,5 triljoen van hierdie stompies jaarliks tot die besoedeling van waterweë en, op die lange duur, ons oseane bydra.

Selfs daardie stompies wat in parkeerterreine, op sypaadjies en in straatvore myle van die kus beland, sal op die lange duur langs stormwaterslote en riviere na die see afgevoer word waar die gifstowwe wat in hul filters opgebou het mettertyd in die see gaan uitlek. Hierdie gifstowwe bedreig die seelewe, veral aangesien voëls en seediere stompies dikwels as kos aansien en dus gevaar loop om hulle te verorber.

En selfs al sou 'n stompie nie in die see beland nie, gaan sy toksiese inhoud nogtans vrygestel word aan die grond waarop dit beland namate daardie stompie verweer - 'n uitgerekte proses wat tot solank as 25 jaar kan duur!

As dié enkele item wat meestal ons planeet ontsier, het sigaretstompies die vermoë om 'n groot probleem langs ons strande, wandelpaadjies en sypaadjies en in ons parke, piekniekareas en parkeerterreine te veroorsaak. Omdat hulle so klein is, is dit moeilik vir munisipale werkers om hulle doeltreffend op te hark en omdat hulle skaars iets weeg, kan selfs die geringste briesie die stompies weer die wêreld vol saai - met dié gevolg dat hierdie moeisame proses van nuuts af moet begin.

Ons kan almal help om hierdie probleem hok te slaan: As jy 'n roker is, maak seker dat jy van 'n windbestande drom gebruik maak wanneer jy van jou stompies ontslae raak. So nie, moedig jou rokersvriende aan om hierdie gewoonte aan te leer. Sorg voorts dat die area rondom jou huis stompie-vry is en bied hulp aan wanneer vrywilligers gesoek word om 'n strand of dorp op 'n georganiseerde wyse op te ruim.

Moet ook asseblief nie uit die oog verloor dat brandende sigarette wat uit bewegende voertuie geskiet word, vernietigende veldbrande tot gevolg kan hê nie en dat smeulende sigarette al by meer as een geleentheid veroorsaak het dat huise tot op die grond afbrand.

FLUITSPELER EN PIANIS BELOOF OM TE BEKOOR



Liesl Stoltz

Albie van Schalkwyk

Op Sondagmiddag 24 Julie gaan Overstrand Arts/Kunste (OAK) twee bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars in konsert aanbied. **Liesl Stoltz** (fluit) sal begelei word deur **Albie van Schalkwyk** op die klavier.

Die konsert begin om 15:30 in Hermanus se Ouditorium. Kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Alle ander navrae kan gerig word aan OAK se sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238.